

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

GELOOF EN BEKERING

Dikwels word e-posse gesirkuleer en verskyn media berigte waar 'n oproep op ons land en sy mense gedoen word om 'terug te draai na God!' Die inhoud van hierdie e-posse en berigte bevat dan ondermeer 'n gebedsoproep vir kalmte, vergifnis en eenheid, asook vir herlewing, dat ons land geseën sal word en dat die leierskap van Suid-Afrika 'n Damaskuspad ondervinding sal hê. Dikwels word dieselfde boodskap by groot georganiseerde Christensaamtrekke verkondig. Hierdie e-posse en mediaberigte se kernboodskap is 'n oproep tot bekering, asook 'n gebedsaksie dat ons land en sy mense geseën sal word.

Die vraag is egter of gelowiges hoegenaamd 'n begrip het van wat ware bekering behels?

Ek vra dit in die lig daarvan dat die kerk nie werklik 'n onderskeid maak tussen geloof en bekering nie! En tog stel die Skrifte (Bybel) dit baie duidelik dat bekering, saam met geloof in Yeshua as die Messias, die hart van die evangelie uitmaak. **Ons redding behels geloof en bekering!** Geloof is om vergifnis van sonde te ontvang deur die versoeningsoffer van Yeshua die Messias. Bekering is die wegdraai van sonde en die terugkeer tot 'n leefwyse van gehoorsaamheid aan YHVH. Geloof en bekering is dus die mens se reaksie op die genade van YHVH in Yeshua Messias. Deur geloof word elkeen gered en deur bekering word elkeen geheilig (afgesonder) en geseën.

Deur wedergeboorte (geloof in Yeshua as sondoffer) word jy 'n kind van Vader-God en deel van die verbond en het jy die sekerheid dat jy gered is. 'n Lewe van oorwinning en oorfloed (Joh. 10:10) kom egter alleenlik deur Torah-gehoorsaamheid. Dit is jou verantwoordelikheid om te ywer om Torah-gehoorsaam te lewe. Die Afgesonderde Gees is jou hulp – die Een wat jou leer, lei en die krag gee om die vlees te oorwin en 'n afgesonderde (heilige) en rein lewe te leef as geregverdigde in Yeshua.

Alvorens YHVH ons gebede sal verhoor, moet die mense wat tot die Almagtige om hulp roep wedergebore wees en hulle eers bekeer!! Die wat glo in YHVH as die ware God en in Sy genadevoorsiening van sondevergifnis in Yeshua as Messias, moet opvolgend op wedergeboorte terugkeer tot 'n

lewenswandel van gehoorsaamheid aan al YHVH se onderrig en instruksies soos wat in Yeshua Messias vervul (vervolmaak en bevestig) is. Alleenlik dan sal YHVH ons, ons land en sy mense seën. Die Woord van YHVH bevestig dit:

*En YHVH jou God sal die goeie aan jou oorfloedig gee in al die werk van jou hand, in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land; want YHVH sal weer oor jou ten goede bly wees soos Hy bly was oor jou vaders, **as jy na die stem van YHVH jou God luister om sy gebooië en sy insettinge te hou wat in hierdie wetboek geskrywe is; as jy jou tot YHVH jou God bekeer met jou hele hart en met jou hele siel.** Deut. 30:9 en 10.*

Is die gebeure in ons land, asook in die wêreld, nie juis 'n waarskuwing en 'n oproep tot bekering nie? Is die woorde van die profete van vergange jare dan nie steeds op ons van toepassing nie?! Talle glo dat Yeshua die Messias is – die Lam wat vir ons sondes gesterf het. Dit beteken egter nie dat almal hulle bekeer het nie. Om bekeer te wees is om al YHVH se gebooië, insettinge en verordeninge te onderhou!

*En YHVH het Israel en Juda gewaarsku deur die diens van elke profeet en elke siener en gesê: **Bekeer julle** van jul verkeerde weë **en onderhou my gebooië, my insettinge, volgens die hele wet (Torah)** wat Ek julle vaders beveel het, en wat Ek deur die diens van my diensknegte, die profete, vir julle gestuur het. 2 Kon.17:13.*

Soos Israel van ouds is ons in ballingskap weens ons sondes van rebellie teen YHVH se wet. Ons het bannelinge in ons eie land geword!! Die geskiedenis van Israel is getuie dat ware bekering nie net bevryding van ballingskap tot gevolg gehad het nie, maar ook die waarborg was van YHVH se oorfloedige seën. Telkens wanneer Israel teruggedraai het na YHVH en gehoor gegee het aan Sy onderrig en instruksies – Sy wet (Sy Torah) – het hulle weer al die seëninge van hulle God en Vader deelagtig geword.

*Maar as hulle in die nood hul tot YHVH, die God van Israel, **bekeer het** en Hom gesoek het, het Hy Hom deur hulle laat vind. 2 Kron. 15:4.*

Telkens wanneer Israel berou gekry het en hulle bekeer het, het YHVH hulle genadig gewees en hulle van onheil bewaar.

maar as dié nasie waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen. Jer.18:8.

Die probleem met Israel was dus nie hul ongeloof nie. Nee, hulle het steeds geglo in die God van Abraham, Isak en Jakob en in die Messias wat sou kom! Hulle sonde was nie ongeloof nie, maar wel ongehoorsaamheid. Die probleem was dat hulle die wet, YHVH se Torah, versaak het. Dit was die rede hoekom

YHVH Sy seëninge van Israel weerhou het, hoekom hulle vyande hulle verslaan het en hoekom hulle in ballingskap weggevoer was!!

YHVH het van die begin af aan sy volk die keuse gegee tussen die seëninge van gehoorsaamheid aan Sy Torah (die wet; onderrig en instruksies) en van die vloeke van ongehoorsaamheid:

As jy dan goed luister na die stem van YHVH jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal YHVH jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die YHVH jou God. Deut. 28:1 en 2.

Maar as jy nie luister na die stem van YHVH jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Deut. 28:15.

Dit was nie voldoende vir Israel om net geloof in YHVH te hê nie. Nee, hulle geloof moes met bekering, naamlik gehoorsaamheid aan die wet (die Torah) gepaard gegaan het alvorens hulle deur YHVH oorfloedig geseën was. Gehoorsaamheid is om terug te draai na al die onderrig en instruksies, naamlik YHVH se wet (Torah), wat Hy vir die gelowiges gegee het. **Onthou:** Die Torah is Vader-God se liefdevolle onderrig en instruksies!

Ware bekering is gehoorsaamheid aan al YHVH se onderrig en instruksies!!! Dit is die les wat die geskiedenis van Israel vir ons leer en ons behoort dit in hierdie tye wat ons leef ernstig ter harte te neem!!

So dikwels word 2 Kron. 2:13 tot 15 in tye van nood aangehaal en met ernstige opregtheid gebid:

*As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek **en hulle bekeer** van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.*

Ons het 'n goeie begrip van verootmoedig, van gebed en om die aangesig van YHVH te soek, **MAAR** verstaan ons die betekenis van: **en hulle bekeer?** Ons verootmoediging en hulpgeroep tot YHVH ons Vader moet **met bekering** gepaardgaan. **Sonder ware bekering word ons gebede nie verhoor nie!!**

Bekering in bogenoemde teksverse word meestal slegs gesien om van toepassing te wees op die wat nie in Yeshua as Messias glo nie. Maar lees weer wat hierdie teksvers sê: ...en **my volk**, oor wie my Naam uitgeroep is..... Hier word verwys na die wat reeds glo in die God van Abraham, Isak en Jakob en in Yeshua die Messias. Hier word verwys na die volk (kinders)

van YHWH. Dit is hulle wat hulle moet bekeer!! Dit is jy en ek wat ons moet bekeer!! Ons moet terugdraai tot gehoorsaamheid aan YHWH se Torah – al sy onderrig en instruksies soos in Sy wet vervat is.

Dit is nou juis hier waar die probleem lê, want die kerk verkondig dat die gelowige in Yeshua Messias vry van die wet is. Daarom is die betekenis van *bekeer* vir die meerderheid gelowiges slegs om te glo in die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal en om gehoorsaam te wees aan die **mensgewysigde wette** van YHWH. Die gelowiges wat glo dat hulle vry van die wet is, kan nie waarlik bekeer wees nie, want waarheen moet hulle terugdraai? Hulle glo dan reeds!! Die Kerk is dus die struikelblok in die weg van ware bekering, want hulle verkondig dit nie!! Hulle verkondig slegs 'n mensgemaakte bekering en nie ware bekering wat gehoorsaamheid aan al tien gebooië steeds vereis nie.

Wie sy oor wegdraai om nie na die wet (Torah) te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel. Spr. 28:9

Ons land, asook die ganse wêreld, gaan ten gronde omrede hierdie kennis van YHWH verwerp word, asook die wet (Torah) van YHWH vergeet word (Hos. 4:6). Daarom is ons soos Israel van ouds in ballingskap (Jes. 5:13). Ons het die kennis van YHWH en Sy wet verwerp en dit met ons eie mensgemaakte wette en eie-geregtigheid vervang. Die situasie kan alleenlik omgedraai word indien ons as gelowiges terug sal draai om te wandel in die weë van YHWH ons God en Vader. Ons moet ophou om wederstrewig te wees en te weier om die wet van YHWH te wil hoor (Jes. 30:9) en daarvolgens te wil wandel.

Geloof en Bekering

'n Verdere probleem is die meerderheidsiening dat geloof en bekering dieselfde is. Baie is van mening dat slegs geloof in die sonde-offer van Yeshua Messias aan die kruis nodig is om met YHWH versoen te wees en in al Sy seën deelagtig te wees. Hiervolgens word bekering by geloof ingesluit. Geloof tot redding en 'n lewe van oorfloed (Joh. 10:10b) is egter meer as net geloof in die vergifnis van sonde deur die kruisdood van Yeshua die Messias. Geloof tot redding en YHWH se seën vereis ook ware bekering. Die twee, geloof en bekering, loop hand aan hand en is onafskeidbaar met mekaar verenig. Geloof en bekering is nie dieselfde nie, maar twee verskillende handeling wat gesamentlik tot redding en YHWH se seën deur die genadevoorsiening in Yeshua Messias lei. Geloof vereis bekering en bekering vereis geloof.

Bevestiging hiervan vind ons ondermeer in die woorde van Paulus aan die ouderlinge van Efese: *terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op **die bekering** tot YHWH en **die geloof** in onse Redder Yeshua die Messias* (Hand. 20:21). Paulus het dus geloof en bekering verkondig!!

Yeshua Messias het ook self bekering gepredik:

Van toe af het Yeshua begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom. Matt. 4:17.

Die twaalf dissipels het ook bekering gepredik:

En hulle het uitgegaan en gepreek dat die mense hulle moes bekeer. Mark. 6:12.

Die evangelie wat verkondig was, was een van geloof en bekering (Hand. 11:21). Bekering is dus ook die boodskap wat in die evangelie van redding vervat is. Dit is dieselfde evangelie wat vandag verkondig moet word!

Ons lees ook die volgende aangaande die gebeure op Pinksterdag:

*Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: **Bekeer julle**, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Yeshua Die Gesalfde Een tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Hand. 2:37 en 38.*

Hierdie mense het Petrus se prediking gehoor en geglo dat Yeshua die Messias is en daarom het hulle gevra: *Wat moet ons doen, broeders?* Petrus se antwoord was: *Bekeer julle!*

Johannes het mense gedoop met die doop van **bekering** (Matt. 3:11). Dit was die voorbereidende stap tot geloof in die Messias. Hierdie was die reiniging om soos Israel van ouds weer by die berg Sinai te staan om die stem van YHVH hulle God te hoor toe Hy die wet (die Torah) aan hulle gegee het. Johannes het geloof en bekering verkondig (Mark. 1:15).

Die vraag ontstaan dus: Wat is die betekenis van die woord *bekeer* en *bekering*? Voor ons dit bespreek, vra ek jou om die volgende te bepeins: Hoekom is dit so dat talle mense wat met groot geloofsoortuiging Yeshua as hulle Verlosser aanneem se lewens nie verander nie? Is dit nie weens die feit dat hulle glo sonder om hulle te bekeer nie? Is dit nie weens die feit dat hulle vertel word van die versoening met YHVH deur geloof in Yeshua, maar hulle word nie ingelig van die vereiste van bekering wat met geloof gepaard moet gaan nie? Heiligmaking (1 Thess. 4:7) deur gehoorsaamheid aan Torah word nie verkondig nie! Sonder heiligmaking (Heb. 12:14) sal ons nie die Koninkryk beërwe nie!

Geloof is om te erken dat jy 'n sondaar is en dat daar vir jou vergifnis is deur Yeshua Messias. Geloof gaan met berou oor jou sondes gepaard tot die mate dat jy nie meer wil sondig nie. Die gevolg hiervan is bekering wat die terugkeer na die weë van YHVH is. Dit is 'n wegdraai van sonde en 'n

terugdraai na die wil van YHVH. Dit is om in alles aan YHVH ons Vader gehoorsaam te wees volgens Sy wil soos in Torah uiteengesit word.

Die Griekse woord in die hernieude (nuwe) verbond vir *bekering* is *metanoë* en beteken: *om anders te dink, van gedagte te verander en te hervorm (te verander) weens 'n afsku vir die verlede*. Die woord *metamorfose*, naamlik 'n verandering van gedaante, is hiervan afgelei. Bekering impliseer dus 'n verandering en hervorming. Die vraag is egter nou die volgende: 'n Verandering na wat en 'n hervorming van wat? Ek kan my tog slegs bekeer indien ek weet wat die verandering vereis en die hervorming behels. Ons het reeds gesien dat bekering is berou oor sonde en gehoorsaamheid aan YHVH. Die verandering is dus om op te hou sondig en die hervorming is een van ongehoorsaamheid tot gehoorsaamheid aan YHVH.

Ons moet ook verstaan dat toe Yeshua Messias en Johannes die Doper verkondig het dat mense hulle moet bekeer, want die koninkryk van die hemele het naby gekom, het hulle met die Skrifgeleerdes, Fariseërs en Jode in die algemeen gepraat. Hierdie mense was goed onderrig in die Tanach, die ou testament, en dus bekend met die ware betekenis van berou en bekering, want dit kom by herhaling in die ou testament ter sprake. Bekering is om waarlik berou oor sonde te hê, te glo in die sondevergifnis deur Yeshua en om dan terug te keer na 'n leefwyse volgens Torah. Dit is die leefwyse van die wat geregverdig verklaar is.

Toe Yeshua, Johannes die Doper en Petrus gesê het: *Bekeer julle*, het hulle dus 'n oproep op die Jode gedoen om terug te keer na Torah, want dit was die maatstaf vir 'n lewe volgens die wil van YHVH. **Hierdie woorde bekeer julle beteken vir ons as nie-Jode presies dieselfde!** Dit is 'n oproep om terug te keer na Torah wat al die onderrig (kennis), instruksies (wette, verordeninge) en wysheid van YHVH ons God en Vader is.

Elkeen wat bely dat Yeshua die Messias is moet gehoor gee aan die oproep tot bekering. Dan sal YHVH ons Vader uit die hemel hoor en ons sondes vergewe en ons land genees wanneer ons, ons verootmoedig, bid en Sy aangesig soek.

Het jy jou al bekeer? Leef jy volgens al die onderrig, instruksies en wysheid van Vader-God soos in Sy Woord van Genesis tot Openbaring vir ons gegee is en deur Yeshua in die hernieude verbond vervul is (om vol te maak, te bevestig en duidelik te maak)? Indien nie, is dit nou tyd om deur geloof in Yeshua tot wedergeboorte jou te bekeer en terug te draai na YHVH en Sy Torah.

Geloof en bekering loop hand-aan-hand! Getuig jou lewe hiervan?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word
nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en
dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*